
GELOOF
In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon…" Joh. 1:1 & 14



FAITH
In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt among us…" John 1: 1 & 14

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411 - www.stangerchristiancentre.co.za

HOE KLINK JOU WOORDE?

In Matt. 12:36 lees ons die belangrike woorde van Jesus: **"Maar ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag.** Ons kan dit soos volg beklemtoon: Jesus sê: **..... van elke ligsinnige woord wat die mense sê, sal hulle rekenskap moet gee op die oordeelsdag.**

Daar is niks wat gouer en duideliker die gebrek aan ware geestelikheid laat deurskemer as lawwe praaitjies, ydele grappies en ligsinnige woorde nie. Daar is niks wat 'n oppervlakkige Christen deeglike sal ontbloot as een vir wie iemand anders saak maak en wat geen las het vir die verloregaandes en lydendes nie, as juis sy eie aanhoudende leë woorde en onsinnige spitsvormigheid nie. Vir baie is hierdie 'n nietige saak, maar daar is min geestelike siektes wat meer verwoestend of meer aansteeklik is.



Jou woorde is die Vensters tot jou hart

Want uit die oorvloed van die hart Praat die mond. Mattheus 12:34b

God klassifiseer ydele praatjies saam met baie afstootlike metgeselle: **Maar hoerery en allerhande onreinheid of hebsug moet onder julle selfs nie genoem word nie, soos dit die heiliges betaam, ook nie gemeenheid en dwase of lawwe praatjies wat nie pas nie, maar liewer danksegging. (Ef. 5:3 & 4).**

Jesus Self het gesê: **Want van binne, uit die hart van die mens, kom die slegte gedagtes, egbreuk, hoerery, moord, diewery, hebsug, boosheid, bedrog, losbandigheid, afguns, lastering, dwaasheid. Al hierdie booshede kom van binne uit en maak die mens onrein. Mark. 7:21-23.**

Dwaasheid sal 'n mens dus net so besoedel soos hoerery! Daar is baie mense wat nooit sal moord pleeg of steel nie, maar sal op 'n preekstoel klim en onbeskaamd in die openbaar deur hulle woorde laat blyk dat hulle van binne onrein is. Ek het nog nooit 'n man gekry wat deur God op 'n magtige wyse gebruik word om die siekes en sondiges vry te maak, wat 'n mond vol dwaasheid het nie! Die spitsvondige, ligsinnige prediker sal miskien die mense beïndruk en selfs lekker laat lag met sy grappies en gevatheid, maar as dit kom by vrymaking en die ernstige hulpverlening in nood, kom hy net nie die maas op nie! Hy probeer selfs om sy gewone maniere van lighartigheid verander en preek en onderrig oor 'n diep onderwerp, maar vir sy toehoorders is daar nie 'n klank van opregtigheid nie, geen ware getuienis dat dit woorde van God is nie. Hy klink soos 'n luidende simbaal.

Ek wil nie voorgee dat God se Volk moet rondloop met lang gesigte en sonder vreugde nie. Inteendeel, God se Volk is die gelukkigste in die ganse wêreld God beveel ons: **Wees altyddeur bly (1 Thess. 5:16)** Dit word van God se Kinders verwag dat hulle so bly sal wees dat hulle sal jubel en sing hulle hande klap en dans en spring van vreugde. Luister na die Skrif:

Juig voor die Here, o ganse aarde! Dien die Here met blydskap: kom voor Sy aangesig met gejubel. (Ps. 100:2)

Loof Hom met tamboeryn en koordans, loof Hom met snarespel en fluit. (Psl. 150:4)

Daarby het Dawid met alle mag gedans voor die aangesig van die Here (2 Sam. 6:14). Toe is

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Hoe klink jou woorde?)

ons tong met gejubel: toe het hulle onder die heidene gesê: Die Here het groot dinge aan hierdie mense gedoen .... ons was bly! (Ps. 126:2 & 3) Die Blydskap in die Here dit is julle beskutting. (Neh. 8:11)

Die Christen wat nie vreugde het nie, is 'n swak Christen, 'n swak verteenwoordiger van die geloof wat hy bely en sal maklik verflou en dan maar op 'n ander plek sy vreugde gaan soek. Die vreugde wat versterk is die verlusting in die Here. Dit is nie vreugdevol wees oor ons eie mag of vermoë of kennis nie. **Maar nou roem julle in jul grootpratery. Al sulke roem is verkeerd. (Jak. 4:16)**

As daar diegene is wat skuldig is aan hierdie sonde van groot pratery of ydel en lawwe praatjies, sal hulle dadelik sê ek oordryf nou en hulle self regverdig. Hulle sal sê dit is verkeerd om te ernstig te wees oor sake, maar hierdie redenasie word nie in die Bybel onderskryf nie! Die redding van verloregaandes, die vrymaking van hulle wat ly, is 'n ernstige saak en verlang die onverdeelde aandag en gedagtes van die een wat toegewy is daaraan! Baie mense reken dit is hulle reg om te sê wat hulle wil en so dikwels as hulle wil. Hulle verkies hulle grappies, ligsinnigheid en lawwe praatjies bo die krag van God in hulle lewens.

God het gekies om te werk deur die gesproke woord van Sy verteenwoordigers in hierdie wêreld. **Die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe. (Joh. 6:63).** Lees ook Spreuke 4:22. Hoe klink jou woorde? Sommige mense sê grappies help hulle om hulle moeilikhede te vergeet. Jesus het Sy moeilikhede vergeet deur andere se probleme te verlig.

God vergelyk die woorde van ons monde met die water wat opborrel uit 'n fontein. (Jak. 3:10 & 11) Hy dring daarop aan dat 'n fontein gedurig dieselfde soort water moet uitspruit – nie soms bitter en soms vars water nie. Dan voeg hy by: **Wie is wys en verstandig onder julle? Laat hom uit sy goeie lewens wandel** (Engels: conversation – gesprek) **sy werke in sagmoedige wysheid toon. (Jak. 3:13).**

Laat daar geen vuil woorde uit julle mond uitgaan nie, maar net 'n woord wat goed is vir die nodige stigting (opbouing) (Ef. 4:29).

Woorde wat nie opbou nie is ydel (leeg, onverrykend) Hulle is vermorste woorde. God het aan die gelowige se woorde outoriteit en krag verleen wat dit kosbaar maak. Kosbare dinge moet nie vermors word nie.

Jesus het gesê: **Elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see, en nie in sy hart twyfel nie, maar glo wat hy sê sal gebeur, hy sal verkry net wat hy sê. (Mark. 11:23)** Daarom kan ons met gesag praat, self om lewelose dinge te beheer. Dit is juis hierdie mag/gesag wat Jesus gebruik het toe Hy die wind en die see aangespreek het en die storm opgehou het (Mark. 4:39). Dit is dieselfde mag wat Moses gebruik het toe hy met die rots in die woestyn gepraat het, en water uitgevloei het, (Num. 20:8) Jesus het die gebruik van hierdie mag gedemonstreer toe Hy vir die vyeboom gesê het: **Laat niemand ooit in der ewigheid van jou vrug eet nie! (Mark. 11:14).** Hy het vir die boom beveel om te vrek, en dit het gevrek! Dit was juis toe dat Hy baie duidelik dieselfde mag en gesag aan almal toegesê het wat glo.

Dit is dan aan sulke manne en vroue – hulle wie se woorde vrymaking van elke binding van Satan en verlossing vir siele en genesing vir liggame kan bring – dat Jesus hierdie waarskuwing rig dat ydel, vermorste woorde veroordeel moet word. Woorde wat lewe en vrymaking behoort te bring, woorde wat brood vir honger siele moet wees, maar hierdie woorde was net soos kaf! Dit is dan wanneer ons klippe vir brood bied aan 'n sterwende wêreld van honger siele en lydende mense, en van hulle weerhou die bron van lewe en verlossing. Dan laat ons uit die fontein wat lewegewende vars water moet voortstu, 'n stroom van skuim en dwaasheid voortkom wat onaantreklik en nutteloos is, en ook uiters giftig! Hoe sal ons dan voor die Groot Regter ons dade en woorde regverdig as Sy maatstaf vir ons soos volg is: **As iemand spreek, laat dit wees soos woorde van God (1 Pet. 4:11).**

Diegene wat dan steeds daarop aandring om hierdie dwaasheid te beoefen, herinner my aan 'n visie van 'n Godsman wat ek van gelees het van 'n groep jong mensies wat te besig was om blomkransies te vleg om die duisende mense wat by hulle verbygegaan het te waarsku dat hulle oppad was na 'n vreeslike afgrond waar hulle skielik sal oor val en vernietig word onder op die rotse. Hierdie is ver van die Gees van Christus wat innige meegevoel gehad het met die menigte!

Weereens wil ek nie sê dat daar nie plek is vir humor in die Christen se gesprek nie, of selfs in sy plek nie. Dikwels kan ons spreke of toesprake humoristies wees, maar tog opbouend. 'n Bietjie humor, veral om 'n sekere aspek te illustreer, kan baie effektief wees in die sin dat dit die toehoorder se aandag en belangstelling hou en die evangelie boodskap tuis gebring word, sodat siele hulle na God keer. As humor op hierdie wyse

(Vervolg op Bl. 6)

> **"Woorde wat nie opbou nie is ydel (leeg, onverrykend) Hulle is vermorste woorde. God het aan die gelowige se woorde outoriteit en krag verleen wat dit kosbaar maak. Kosbare dinge moet nie vermors word nie."**

God's Covenant of Health

A wonderful truth is revealed in the Covenant of the Healing that God gave to the Children of Israel at the time of their deliverance from Egypt. The provisions of that wonderful covenant stressed the fact that if Israel was obedient to the commandments of the Lord, disease and sickness, which God "allowed" to come upon the Egyptians, would not come to the Israelites. The covenant did of course include healing, for it was at these Waters of Marah that the Lord revealed Himself as Jehova-Rapha, **"I am the Lord that healeth thee."** (Exod. 15:26). But it is clear that God's main objective was to give the believer His Divine protection against sickness, which would go hand in hand with their obedience to Him.

The promise that God gave was this: **"If thou wilt diligently hearken to the voice of the Lord thy God, and wilt do that which is right in His sight, and wilt give ear to His commandments, and keep all His statutes, I will put none of these diseases upon thee, which I have brought upon the Egyptians..."** Let us note at this point that the word "put" in this verse is translated as "permit". Satan is the author of sickness and he is instrumental in bringing about sickness. God's character is healing not sickness, life not death and this He brings forth in our lives according to our obedience to His Word. It is evident that one of the main reasons that we have so much sickness among the people of God, is because we have confined the truth of healing to a means of deliverance from sickness for the Christian - but only once he gets sick. Nevertheless, it was God's intention that he should not be sick at all. God's desire is for us to be in health, and to reach a ripe age of 70 years at least.

Consequently, most of our concentration has been to remove the effect instead of the cause. As a result, many of the people of God are under the impression that they have a great testimony, if they can say that God has healed them many times. Because God has provided health and healing for His people in both the Old and New Covenants together with His way for them to have forgiveness of their sins, no more could we say that the testimony of a chronic backslider was impressive, if he declared, "I thank God, He is my Saviour. He has saved me many times." Such a testimony might honour the Grace and Mercy of our Lord, but hardly His Power of deliverance. If we are to make important gains in establishing the truth of Divine Healing, we must bring to the attention of the people that health should be one of the benefits of being in Covenant with a living God - just as long as we are obedient to His requirements.

God promised that sickness would be taken out of the midst of His people.



...It is clear that God's main objective was to give the believer His Divine protection against sickness, which would go hand in hand with their obedience to Him.

Lest any of the Children of Israel should misunderstand the real meaning of the Covenant of Healing, the Lord repeated the promise in slightly different words, in Exod. 3:25: **"And ye shall serve the Lord our God, and He shall bless thy bread, and thy water; and I will take sickness away from the midst of thee."** The promise is repeated and the requirement is repeated.

The people were to serve the Lord and He would bless them; and in blessing them He would **"take the sickness away from their midst."**

We see that the promise of Divine Health was repeated yet again in Deuteronomy, the book which gives a summary of the Law of God, and many other instructions are given elsewhere in the first five books of the Bible (Pentateuch). **"And the Lord will take away from thee all sickness, and will put none of the evil diseases of Egypt, which thou knowest, upon thee; but will lay them upon all them that hate thee." Deut. 7:15.**

By this it is very clear that sickness was to be evidence of the broken law. The book of Deuteronomy concludes with observation that if plagues and sicknesses of Egypt should appear among the people of God, it was evidence of backsliding and disobedience. (Deut. 28:15-28). Other sicknesses beside those that came upon the Egyptians, were to be evidence of the same thing – the broken Law. (Deut. 28:61)

ISRAEL LIVED UNDER COVENANT OF HEALTH FOR A SEASON.

The remarkable thing about the Covenant of Health which God gave unto the Children of Israel was that they, although short of faith in many ways, actually did for a considerable season appropriate and live under the blessings of the promise. There were exceptions in which some of the people disobeyed God, either in jealousies, rebellions, lusts, and thus brought plagues upon themselves, by opening the door to Satan. But as a whole, over a long period of time while the nation wandered in the wilderness, the people were immune from sickness. Thus the Psalmist could say: **"He brought them forth also with silver and gold: and there was not one feeble person among their tribes." Psalm 105:37.**

The Scripture gives us a further insight into the wonderful blessings of the Covenant of Healing by giving us the story of two people of the nation Israel, who lived during this time. One of these was the leader, Moses. He had reached the advanced age of 120 years. In the natural, we should suppose Moses to have reached a state of senility and decrepitude. But not so. We find that he experiences a remarkable physical preservation, so that in a real sense he retains the virility of youth until the day that he died:

"And Moses was an hundred and twenty years old when he died: his eye was not dim, nor his natural force abated." Deut. 34:7.

Lest it be thought that the experience of Moses, because of his exalted position as leader of Israel, might be unique, the testimony of

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 - God's covenant…..)
another man, Caleb, is given. Caleb was one of the twelve spies who was sent out to spy out the Land, and one of those who brought back a good report. It might be good to note that Caleb's blessings were of great measure because he had trusted God and brought back a good report**. "A good report maketh the bones fat." Prov. 18:30.** Caleb had put in some strenuous years as one of the officers of the army of Israel, but at 85 years of age he had a remarkable testimony: **"And now, lo, I am this day fourscore and five years old. As yet I am as strong this day as I was in the day that Moses sent me; as my strength was then, even so is my strength now, for war, both to go out and to come in." Josh. 14:10-11.**

In Isaiah we are again reminded that the renewing of youth is associated with waiting before the Lord: **"Even the youths shall faint and be weary, and the young men shall utterly fall: But they that wait upon the Lord shall renew their strength: they shall mount up with wings as eagles; they shall run, and not be weary; and they shall walk and not faint." Isa. 40:30-31.**

THE PROMISE OF LONG LIFE

It should be understood that the working of the Gifts of Healings are not to restore youth to old age. There are many people who have lived lives of spiritual carelessness and they come to God, hoping that the Gifts of Healings will restore to them the strength of their youth. God does renew and strengthen the feeble, and even give back our locust eaten years; but there is indeed such a thing as Divine Health that will prolong the vigor of youth up into old age - that is the result of a daily walking with God. The promise of a long useful life, blessed with health and strength, is given to those who dwell in the secret place of the most High. (Psalms 91:1 and 16)

After the promise of healing was given in Psalms 103:3, the Scriptures give another great promise concerning the renewing of youth which is distinct from that of healing: **"Who satisfieth thy mouth with good things; so that thy youth is renewed like the eagle's." Ps. 103:5**. This is a wonderful promise – the Divine renewing of one's youth. How people have sought to regain the vigor and health of the days gone by! How it has eluded them! The secret is revealed in the above verse. One must daily satisfy himself with the good things of heaven, in order that Divine Life may be imparted to the body. **"Man shall not live by bread alone, but by every word that proceedeth out of the mouth of God." Luke 4:4.** The verse further speaks of the renewing of the youth like the eagle. The eagle soars high, far above the petty strife of earthly things, far up in the heavens. So the child of God must live above the things of this world. He was destined to dwell in heavenly places with Christ Jesus. (Eph. 2:6) To continually mingle with, compromise, and absorb the spirit of this world, will cause us to inherit its sorrows, it weaknesses, it diseases, and its death.

WE ARE THE BODY OF CHRIST

The New Testament reveals the same high position of the believer. He is a member of the Body of Christ, of which the Lord is the, Head. (1 Cor. 12) Nothing could be more incongruous than the thought that the Body of our Lord, when He was on earth, should become sick. We can never imagine that a wretched disease or a foul cancer could fasten itself upon His Holy, Sinless Person.

The Bible states the glorious truth that the Church now is the Body – the Mystical Body of Christ, of which He is the Head. Should this Mystical Body be polluted with the vile diseases of Satan? Are we not **"members of His body, of His flesh, and of His bones?" (Eph. 5:30**) For this cause, if there were no other, we have reason to believe that God's Divine Life is in us by the power of the indwelling Spirit of Christ. And once again our obedience to His Word is important.

This brings us to the secret of our strength. It is not just natural strength; it is that which is imparted by the Spirit of God: **"But if the Spirit of Him that raised up Jesus from the dead dwell in you, He that raised up Christ from the dead shall also quicken your mortal bodies by His Spirit that dwelleth in you." Rom. 8:11.**

From this Scripture, we see how important it is for the Christian to have a full measure of the Spirit of God. It is true that Salvation brings the presence of the Spirit. Jesus said to the apostles: **"He dwelleth with you, and shall be in you." Joh. 14:17.** The disciples at this time were saved (Luk. 10:20), but it was evident from the words of Jesus, that there was to be revealed a fuller manifestation of the Spirit's power in their lives. The eighth chapter of Romans shows that one of the primary purposes of the infilling of the Holy Spirit is to give the believer power over the law of sin and death. (Vs. 2) Through the Spirit of God, the Christian may mortify or put to death the deeds of the body. (Vs. 13) But more than all of this, the presence of the Holy Spirit has life giving power, and just as it raised the dead body of Christ from the grave, so by faith it has power to quicken our mortal bodies.

Christ's instruction to His followers was that they should wait for the promise of the Father - that is, wait until they had been endued with power from on high. (Luk. 24:49 and Acts 1:4-5). In the fifth verse, this eduement of power was called the Baptism of the Holy Ghost. Since Christ considered that this commandment to wait for the Holy Ghost was so important that it was the last words that He spoke, we may well understand that disobedience to this command, to be filled with the Spirit, would result in spiritual poverty of the believing Christian. Not only would he lack power to overcome the temptations of the flesh, but without the power of the Spirit dwelling within him, there would be no quickening of his mortal body. No doubt there are some Christians who are sickly, simply because they have not fully obeyed the commandment of the Lord to "be filled with the Spirit." (read our book "Experience the Holy Spirit", which is available in English and Afrikaans)

GOD'S WILL FOR HIS PEOPLE

Paul the Apostle expresses God's will for the people of God when he prays in 1 Thess. 5:23: **"And the very God of peace sanctify you wholly; and I pray God your whole spirit and soul and body be preserved blameless unto the coming of our Lord Jesus Christ."**

John the Beloved, writing in 3 John 2, says: **"Beloved, I wish above all things that thou mayest prosper and be in health, even as thy soul prospereth."**

John the Apostle should have known the Will of God if anyone did. Writing at a time when the Apostolic period was drawing to a close, he expressed his desire to Gaius, that above all else the elder should have health and prosper. However, it is important to see that the Apostle qualifies his wish, with the condition that his soul must prosper also. In other words, John sums up the gospel of healing as follows: *That normally the health and prosperity of a Christian should have a direct relation to the prosperity of the soul. Prosperity of the soul depends on our obedience to God's commandments and His instructions.* Therefore, those who seek healing of the body, while ignoring the need of the

(Continued on page 8)



Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Ek wil net vir Dr bedank vir die gebed wat u gedoen het vir die groeisel aan my nek. Dit het soos mis verdwyn voordat ek nog Dr. se brief ontvang het. Prys die Here, en ek loof Hom nog steeds. Liefdegroete

Mev D Potgieter, Pietermaritzburg

Ek groet julle almal in die mooiste Naam, die Naam van Koning Jesus. Ek wil net graag my wonderbaarlike genesing met ander kinders van die Lewende Almagtige God deel. Ek is een en sestig jaar oud en het my bo-been net bokant die knieg gebreek. Ek het 'n operasie geweier, want ek het geweet nadat 'n stem vir my gesê het moenie laat hulle opereer nie, dat dit God was, en ek het Hom vertrou vir my genesing. Prys Sy Heilige Naam die been moet nog net 'n klein entjie groei, ek sal wel 22 weke in gips wees as dit afkom. Maar Koning Jesus het my gedra elke dag en my geloof het saam met die been gegroei. Daar was baie negatiewe dinge aan my gesê oor die aangroei van die dikste been in 'n mens se liggaam. By God word die onmoontlike moontlik. Halleluja!! God seën julle en die werk wat julle doen in Sy soete Naam.

Mev K Molenbeek, Brakpan

Baie, baie dankie vir die gebede en versoeke wat u nooit maar nooit moeg word om namens ons aan ons Hemelse Vader te rig nie. Weereens erken ons dat die Here Jesus wonderlik is en aan al ons behoeftes voorsien. Na vele teleurstellings kry Mark 'n werk as projekbestuurder wat baie belowend lyk en hy begin 1 Mei, maar met die vakansie en naweek het hy vandag eers begin. Ons dank God en die skrif van Fill. 4: 6 en 7 wat u in die brief gestuur het pas perfek, wat vir 'n wonderlike uitkoms gesorg het. Vriendelike groete.

Salome

Ek het 'n paar weke gelede voorbidding gevra vir Corrie Liebenberg wat op 73 jarige ouderdom 'n rug operasie moes ondergaan. Alle eer aan ons Hemelse Vader wat ons gebede verhoor het. Sy is tuis na 2 weke in Intensief en die operasie was 'n sukses. Ook het ek voorbidding gevra vir my broer Hennie Heydenreich (67 jaar) wat ernstig siek geraak het en daar vermoed was hy het 'n ernstige lewer kwaal. Ons Hemelse Vader het ons gebede verhoor en hy is weer tuis. Baie dankie dat U daar is en vir ons kan voorbidding doen. God se rykste seën op U werk. Groete in Christus.

Mev C Le Roux, Pullen's Hope

Dit is met dankbaarheid dat ek kan getuig dat Amanda volkome gesond is, daar is geen kwaadaardig nie. Ons wil vir u baie bedank dat u saam met ons gebid het. Ons bid vir 'n Grote God Hy is wonderbaarlik. Ons eer en loof sy Naam. Baie groete

Piet en Gezina, Jukskei Park

Ek wil net vir julle baie dankie sê dat julle vir my dogter, Nora gebid het, die Here het haar verlos van depressie en vrees. Ons het in die begin van Maart met julle kontak gemaak. Op die 19ste Maart het ek met my eie oë gesien hoe God haar bevry het. Vir meer as 'n jaar het sy deur hel gegaan. Sy is 'n ander mens vol vreugde en vrede, en ons kan nie anders om die Here elke dag te loof en te prys nie. Liefde groete

Mev H Rossouw, Naboomspruit

Ek het wonderlike nuus om vir julle almal mee te deel. Norah vir wie ons almal voor gebid het, het toe nie nodig gehad om die operasie op haar been te ondergaan nie. Sy kan ook nou teruggaan permanent na haar mense toe wat bly in Kuruman. Sy het alreeds vertrek op Donderdag, 5 Junie 2008 na hulle toe en het blykbaar veilig daar aangekom! Prys die Here! Hy beantwoord gebede! Seën groete

Mev A Bothma, Simonstad

Mag die Naam van onse God geprys word. Ek het voorbidding gevra oor my baarmoeder en oor finansies. Die Here het wonderbaar ingetree. Die dokter sê daar is verandering. So wag ek die laaste toets, kom ons vertrou nog die Here. Met my finansies gaan dit baie, baie goed. Mag die Naam van onse God geprys word. Baie dankie vir julle gebede en die boeke en nuusbrief wat u gestuur het.

Mev S Karas, Walvisbay

Nadat ons gevra het vir u span se voorbidding vir Arie se bloed toetse Vrydag die 20ste Junie, onsself nagmaal gebruik en op die Lewende Woord van ons Here Jahweh gestaan het was die uitslag: Alles Normaal!

Inteendeel: Die dokter het gesê: Of die persoon wat Arie se bloed Woensdag getoets het, het totaal verkeerd getoets, of het per abuis die verkeerde persoon se uitslag vir Arie gegee! Nee ons weet die waarheid: Ps. 50:15 sê: "Roep My aan in die dag van benoudheid.. Ek sal jou uithelp, maar jy moet my Eer!". Ons dank ons Hemelse Vader nogmaals! Liefde in Christus.

Arie en Doreen, Pietersburg

"Die dokter het gesê: Of die persoon wat Arie se bloed Woensdag getoets het, het totaal verkeerd getoets, of het per abuis die verkeerde persoon se uitslag vir Arie gegee! Nee ons weet die waarheid: Ps. 50:15 sê: "Roep My aan in die dag van benoudheid.. Ek sal jou uithelp, maar jy moet my Eer!". Ons dank ons Hemelse Vader nogmaals!"

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Hoe klink jou woorde?)
gebruik word is dit nie ydel en nutteloos nie. Die rede waarom baie Christene so baie ydel praat, is omdat hulle so baie praat!

Hulle praat so baie dat hulle nie tyd het om te dink nie, of om na die stem van God te luister nie. Ydel woorde kom so maklik, ons hoef hulle nie eers uit te dink nie. Luister maar na enige gesprek, waar ook al, en jy sal vele woorde daar kan uithaal wat gewoonte is. Die gees van hierdie tyd is 'n toenemde ligsinnigheid wat dit vir die mens moeilik maak om ernstig te dink. Daar is juis die tipiese gesegde: "Moenie die lewe te ernstig opneem nie. Jy sal nooit lewendig daar uit kom nie!"

Met hierdie gesindheid as wêreldstandaard vereis dit 'n ware, ernstige poging en toewyding om rustigheid te beoefen en lank genoeg te wag op God, om woorde te bekom om te praat sodat hulle woorde van God sal wees, gelaai met krag en gesag. Maar die wyse persoon sal dit doen.

Wie sy woorde inhou, besit kennis (Spreuke 17:27) Die mond van die dwase gaan met sotheid om. (Spreuke 10:19) Die gepraat van die dwaas kom deur baie woorde (Prediker 5:2)

Heiligheid is nodig vir krag, en heiligheid sluit ook ons tong in. **Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word. (1 Pet. 1:15).** Hier vertaal die Engelse Bybel weereens lewenswandel met (conversation – gesprek).

Daarom wil ek by jou, liewe leser, aandring, ten behoewe van die verloregaande en lydendes wat nooit vrymaking sal vind tensy jy en ek wat kinders van God ons na hulle wend nie. Gee hierdie hele saak jou biddende aandag. Wy jouself opnuut aan God. Bied Hom jou liggaam aan, 'n lewende offer, en moenie nalaat om jou tong, jou lippe en jou stem in te sluit nie!

Bewaar jou pad (die mag en gesag om namens God te praat en vrymaking te bring) **en vermy die onheilige en onsinnige praatjies (1 Tim. 6:20).**

My gebed is dat jy alles op die altaar sal plaas en daar kom waar jy vierkantig jou skouers onder die las en lyding van die mensdom sal insteek, en dat jy al die dinge sal weg werp wat nog die werking van God se krag in jou lewe kan verhinder. God kan sonder jou voort gaan. Maar as jy met Hom wil voortgaan, moet jy dit op Sy wyse doen. Plaas alle dwaasheid nou van jou af weg! Al God se beloftes is vir jou – glo hulle, voldoen aan God se voorwaardes en betaal die prys! ☐

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

***

Is sommige sondes ONVERGEEFLIK?

Christenskap (anders as enige ander geloof) bied 'n ware oplossing vir die vergewing van sondes aan. Want Jesus het op die kruis gesterf, om alle sonde te vergewe behalwe een. Markus 3 verwys na hierdie sonde as die sonde wat godslastering teen die Heilige Gees is. Hoe weet ons as ons die onvergeeflike sonde gepleeg het?

Voordat ons hierdie vraag beantwoord kom ons kyk na die situasie waarin Jesus Homself bevind het toe hierdie stelling aan die lig gekom het. Jesus se vyande het 'n baie ernstige aanklag teen Hom gemaak. In vers 22 sê hulle, **"Hy het Beëlsebul** ('n naam wat in daardie tyd met die duiwel vereenselwig was), **en: Deur die owerste van die duiwels dryf Hy die duiwels uit..."** Let op dat hulle nie Sy wonderwerke ontken het nie, ook nie Sy goedheid en ontferming nie. Hulle het Sy krag en regverdigheid erken, maar dit aan boosheid toegeskryf.

Jesus het hierdie verdraaide logika aan hulle uitgewys. Hoekom sal Satan dan teen homself te werk wil gaan? Maar Jesus was hoofsaaklike besorgd oor die houding van Sy vyande teenoor Hom. Om die hand

> **"Christenskap (anders as enige ander geloof) bied 'n ware oplossing vir die vergewing van sondes aan. Want Jesus het op die kruis gesterf, om alle sonde te vergewe behalwe een..."**

van God te herken en dit as boos te verklaar, is waarlik godslastering teen die Heilige Gees.

Lasteraars teen die Heilige Gees word in Romeine 1, Heb. 6 en 10, 2 Pet. 2 en Judas beskryf, asook in nog baie ander skrif gedeeltes. Hulle is mense wat van God se bestaan oortuig is, weet dat die Bybel die Ware Woord van God is, wat geen twyfel het dat redding alleenlik deur Jesus Christus is nie, wat die voordele erken om met Jesus hier op aarde te wandel asook van die ewige lewe in die hemel. Alhoewel hulle dit alles verstaan, is hulle geheel en al aan rebellie en boosheid verbonde. Hulle bespot God openlik, skryf boosheid aan Hom en Sy navolgers toe, het behae daarin om ander aan te moedig om in hulle rebellie te deel, bespot 'n nederige en regverdige leefwyse, noem dit wat goed is, kwaad, ignoreer veroordeling, en verwerp die behoeftes aan verlossing. Hulle gewete is verstomp, hulle hart verhard. Omdat hulle nie in staat is om hulle sonde te bely nie, om liefde oor te dra of te ontvang nie, is dit vir hulle heeltemal onmoontlik om redding te ontvang. Dit is daarom dat diè wie bekommerd is dat hulle die onvergeeflike sonde gepleeg het, glad nie 'n godslasteraar is nie. □

uit **Dr James** se kantoor

Liewe Familie in Jesus,

Ons glo dat julle ook agter gekom het dat die tyd vinnig verby vlug asof die dae net te kort is. Ons Hemelse Vader belowe ons in die Woord dat Hy die dae sal verkort terwille van Sy kinders in die Goddelose wêreld. (Matt. 24:22) Ons moet ons lewe rig op Sy beloftes versigtig wees dat die omstandighede rond om ons nie die oorhand sal kry nie - die wetteloosheid – die korrupsie - die val in die waarde van geld – die stygende olie, petrol en voedsel pryse, onsedelikheid, misdaad en baie meer, want God se Woord het gesê dat dit so sal wees in die laaste dae.

En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel. Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word. Matt 24:12-13.

Maar by ons is daar geen onttrekking tot verderf nie, maar geloof tot behoud van die lewe. Heb. 10:39.

Ons bid elke oggend om 7 uur wanneer ons nagmaal neem dat julle sal staande bly en volhard tot Jesus kom. Vriende, net soos ons daagliks vir julle bid, is ons baie afhanklik van elkeen van julle se gebede vir ons – asseblief moenie daar laat slap lê nie. Satan sal enigiets in sy vermoë doen om ons te sif soos koring (Luk. 22:31) want ons skroom nie om sy duistere koninkryk aan te durf nie, maar ons is volkome afhanklik van God se oorvloedige genade en al ons vriende wat vir ons bid en ondersteun. Baie, baie dankie!

Mag die Here elkeen van julle kosbare gesinne seën. Onthou altyd die woorde van die Dawid in Psalm 16:8: **Ek stel die HERE altyddeur voor my; omdat Hy aan my regterhand is, sal ek nie wankel nie.** Laat ons moedig vasstaan tot by die einde toe in die Waarheid van Sy Woord.

Baie liefde groete

Dr James

Dr James

(Continued from page 4 - Jesus came to do the….)
soul, should not be surprised if they seek in vain.

CHRIST OUR HEALER AND OUR HEALTH

On the night before Jesus was crucified, Jesus and His twelve disciples were partaking at the Passover meal, and it is recorded in 1 Cor. 12:24-25: **"….. and when He had given thanks, He broke it and said, Take eat; this is My body which is broken for you; do this in remembrance of Me." In the same manner He also took the cup after supper, saying, "This cup is the new covenant in My blood. This do, as often as you drink it, in remembrance of Me."**

The New Covenant was ratified by His own precious blood. This Covenant reconciled fallen man to Father God on condition he believed in Jesus, the Son and His finished work of sacrifice. All our Spiritual needs were met by His atoning blood. However, He also said in verse 24: **"This is My body broken for you."** His body was mutilated beyond recognition by wounds, and by these wounds He made healing possible for us. Through His body, broken for us, He made provision for our physical needs. Hebrews tells us that the New Covenant is a better Covenant than the first Covenant which God made with Israel, thus we can know for certain that God wants His people to have health and life. In John 10:10 Jesus says **"…. I have come that they may have life, and that they may have it more abundantly."**

A wonderful man of God once made this statement concerning Christ as our Healer: *"There is a great difference between asking and talking, between expecting and accepting. You must take Christ as your Healer – not as an experiment, nor as a future, but as a present reality. You must believe that He does now, according to His promise, touch your life with His Almighty hand, and quicken the foundations of your being with His strength. Do not merely believe that He will do it, but believe that He does touch you now. And go forth counting it done, and acknowledging and praising Him for it. It is a good thing to prepare for this solemn act of committal and appropriating faith. It ought to be a very deliberate step. Like the marriage ceremony it is the signalising and sealing of a great moment, and depends for its value upon the reality of the union which it seals.*

Before we take this step we ought to weigh every question thoroughly and then regard it as forever settled, and to step out solemnly, definitely, irrevocable, on new ground, on God's promise, with the deep conviction that it is forever. This gives strength and rest to the heart, and closes the door against a thousand doubts and temptations." I could not have put it better myself.

I often give the example of a patient with appendicitis who is admitted to hospital in a relatively good state of health. As a medical doctor I inform him that his appendix will have to be removed, and once this has been done, he will never have appendicitis again. He believes my words, and when the operation has been completed, instead of feeling better, he now feels worse because of all the pain and discomfort, however, he does not say: "What a useless doctor that is, I came in here feeling relatively well, but now I really feel sick and disabled." No, he believes my word and knows that he will recover, and will never suffer from this ailment again. The same principle applies to the sick when believing God for our healing. We must trust His Word, and believe it before we see His promised results. He says in Mark 16 that a believer will lay hands on the sick, and they SHALL RECOVER.

(Read our book "The Lord's Table and Healing"/ "Nagmaal en Genesing", available at the Stanger Christian Centre.) ☐